Florrie FOKUS

HOËRSKOOL FLORIDA – VAN TOEKA TOT 80!
1945 – 2025

Van Toeka Tot 80!

Tel: 011 672 5345 | E-pos: navrae@florries.co.za | Webwerf: www.florries.co.za | Facebook: @HSFlorida | Instagram: hsflorida_ins

10 FEBRUARIE 2025 — UITGAWE 3

UIT DIE HOOF SE PEN…

Geagte ouers/voogde en Florries

Dit is byna onmoontlik om te glo dat die eerste maand van 2024 verby is.

Ons is ongelooflik geseënd op alle terreine en kan nie anders as om HOOP en SEËN te spreek nie.
Die afgelope twee weke was gepak met opwinding en ‘n besige program. Hoërskool Florida se suksesse op alle terreine is merkbaar en laat mens elke dag besef hoe dankbaar ons elkeen moet wees vir die voorreg om in ‘n hoogsfunksionerende skool te wees.

Florries, Februarie is die maand van liefde. Kom ons wees lief vir mekaar, gee om vir mekaar, deel ons lief en leed met mekaar en kom ons geniet hierdie maand van liefde terdeë.

Ek deel graag die volgende mooi gedeelte oor liefde met elke Florrie.

Soos die digter Rumi gesê het: "Liefde is die enigste werklikheid, en dit is nie 'n verskynsel nie. Dit is die waarheid wat agter die verskynsels lê."

In die Bybel lees ons in 1 Korintiërs 13:4 - 7: "Liefde is geduldig, liefde is vriendelik. Dit is nie jaloers nie, dit is nie roemryk nie, dit is nie trots nie. Dit is nie onvanpas nie, dit soek nie sy eie nie, dit is nie maklik om te beledig nie, dit hou nie rekening met die kwaad nie. Dit is nie bly oor onreg nie, maar is bly oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles."

Hoërskool Florida is dankbaar vir elke Florrie se liefde en die vreugde wat ons almal in mekaar se lewens bring. Mag ons Florrie familie se liefde vir mekaar altyd groei en ons harte verbind. Ons almal sien uit na 'n jaar vol feesvieringe en om saam met mekaar die pad van die lewe tree vir tree en hand aan hand te stap.

Mag hierdie spesiale verjaarsdagjaar in Hoërskool Florida se geskiedenis vir my en jou baie spesiaal en vol liefde en vreugde wees.

PERSONEELSAKE

MOSIES

- Baie welkom aan me Riandé Janse van Rensburg wat haar proeftydperk by ons voltooi.
- Ons het met hartseer kennis geneem van die afsterwe van mnr Eddie van Staden (lid van die Skoolbeheerliggaam) se skoonpa. Mag ons Hemelse Vader julle en die familie styf vashou in hierdie moeilike tyd.

AKADEMIE

DISTRIKPRYSUITDELING (KLAS 2024)

Die jaarlikse Distriksprysuitdeling vir die graad 12-leerders van 2024 het op Vrydag, 7 Februarie 2025 plaasgevind. Baie geluk aan al leerders wat toekennings ontvang het.

Hoërskool Florida ontvang die drie groot Distrikstoekennings:

- Top Achieving Town School
- Best Performing School
- Overall School of Excellence

Die volgende leerders ontvang toekennings vir die beste vakprestasie in die Distrik:

Megan McMahon – Ingenieurs Grafika en Ontwerp
Anya Theart – Musiek
Neo Mogape – Siviele Tegnologie
Katelyn Tout – Verbruikerstudie
Isabella Chaplin – Dramatiese Kuns
Isabella Chaplin – Afrikaans Huistaal

Gr 12-personeel met die hoogste vakgemiddelde in die Distrik sal tydens 'n spesiale prysuitdeling op Vrydag, 14 Februarie 2025 hul toekennings ontvang. Ons sal in die volgende Florrie Fokus daarvan melding maak.

Wat die prestasie van die klas van 2024 nog meer merkwaardig maak is die feit dat ons Distrik, Johannesburg Wes, die beste Distrik in Suid Afrika is met 'n slaaggemiddeld van 97%.

Hoërskool Florida se matriekklas van 2024 behaal ’n
99.5% slaagsyfer,
258 onderskeidings en
86.43% leerders slaag met Graadstudie / Baccalaureus.

Vyf van ons toppresteerders,
Isabella Chaplin met 7 onderskeidings en ’n puik gemiddeld van 90%.
Dylan de Lange met 7 onderskeidings en ’n gemiddeld van 89%.
Juan Jonck en Caylee de Villiers elk met 7 onderskeidings en gemiddelde van 86% en
Rian Jonck met 6 onderskeidings en ’n gemiddeld van 89%,
ontvang elkeen ‘n sertifikaat en ‘n tablet.

Hoërskool Florida is voorwaar trots op al hierdie pragtige prestasies en ons personeel en leerders se harde werk en toewyding. Mag hierdie besondere prestasies ons almal motiveer en verder aanmoedig om in 2025 selfs nog beter te presteer.

Baie dankie aan alle rolspelers wat ons skool se naam hoog hou. Julle is sterre!

Hoërskool Florida bedank graag vir mnr en me Anton Kruger van Compris printers en mnr Cobus Grobbelaar vir die borgskap van die tablette wat aan die top 10-leerders van die distrik se Town Schools oorhandig is.

LEERDERSAKE

Ons het met hartseer kennis geneem van die afsterwe van May Cara (gr 8) se biologiese moeder. Ons dra hierdie familie en vriende aan ons Hemelse Vader op.

BEKRONINGSFUNKSIES VAN 2024

Baie geluk aan elke leerder wat pragtig presteer het op akademiese en kultuurgebied. Groot dank aan elke personeellid wat op een of ander manier ons leerders begelei het en wat verantwoordelik was vir hierdie spogaande.

Ons wys die ouers en leerders daarop dat die kriteria vir die prysuitdeling duidelik in die leerders se dagboekie verskyn. Vergewis u daarvan en maak dit u eie.

Let ook asseblief daarop dat toekennings vir die deelname aan kunswedstryde slegs toegeken kan word as die inskrywing ons skool se naam op het. Met ander woorde, u kind neem byvoorbeeld deel aan klassieke kitaar, ingeskryf as leerder van Hoërskool Florida.

TOP 20 VAN 2024			
Graad 8	**Graad 9**	**Graad 10**	**Graad 11**
Smalman, Jean Enrico 90.6%	Penderis, Karla 90.4%	Victor, Caitlyn 89.9%	Smalman, Mignon Alicia 92.6%
Van Rensburg, Rehzel 89.9%	Kruger, Anke 88.1%	Pretorius, Xander Enriqo 88.6%	Theron, Ethan 89.6%
Pieters, Donalee 86.3%	Els, Mia 87.7%	Van Staden, Lisa 88.4%	De Beer, Lea 89.3%
Hugo, Danika	Thomas, Arwen Rose	Laban, Wilma Suzanne	Bouwer, Divan Johann

Van Den Heever, Keanu	Scrooby, Laniqué	Jatho, Ethan	De Villiers, Lente Justine
Bornman, Dwayne	Schlebusch, Ameli Marie	Van Niekerk, Genevieve Teah	Poggiolini, Keagan
Tolmay, Ehlayna	Venter, Mieke	Moseley, Corban Jayden	Hensberg, Genelle
Jacobs, Leané	Gadney, Jean-Pierre	Caby, Avida Zarah	Lindeque, Eathon
Jacobs, Deanna Delaney	Monyeki, Manoko Lethabo	Ruiters, Samuel	Van Der Merwe, Mizaan Amor
Mabalane, Otshepeng Richard	Klopper, Shanlé	Saayman, Juane	Scheepers, Veroniek
Snyman, Ryan	Els, Alejandra Sophia	Versteeg, Lene-Mari	Holtzhausen, Une Nadine
Kruger, Lashane	Koekemoer, Chavonne Janica	Mouton, Austin Keeren	Mc Mahon, Melisa
Olivier, Decianel	Paulsen, Kiara Shevon	Jacobs, Kieta Ruth	Poggiolini, Kelly
Govender, Ethan	Pretorius, Andrei	Ungerer, Kaylee	Oosthuizen, Cara
Horak, Jaqueline	Moname, Khutso Ntsako	Buys, Chene	Van Wyk, Liezel
Botha, Zjenelle	Walker, Shanice	Ngema, Muhluri Veronica	Barnes, Tanisha
Laas, Bianca Susan	Bouwer, Jo-Mari Elizabeth	Pretorius, Jade	Boshoff, Marko
Du Preez, Cuené	Marais, Engela	De Vernon, Devanté	Hugo, Jeandre
Mackay, Maria Erin	Van Dyk, James Johannes	Booysen, Lavique	Kleynhans, Christopher
Ties, Traelene Adraenna	Van Wyngaardt, Keegan	Vogel, Ashleigh	Matthysen, Zenethy
Van Der Merwe, Kara	Venter, Keion	Victor, Caitlyn	Van Rensburg, Mishka

SPESIALE TOEKENNINGS

Schultz Trofee vir Veelsydigheid vir die leerder wat algeheel die beste presteer het, akademie, sport en kultuur in agenome, asook die Akademiese Skild vir die Top Presteerder in Gr 9: Anke Kruger.

ARENDE

By Hoërskool Florida het ons spesiale akademiese toekennings wat ons die Arend noem.

Hierdie toekennings het ten doel om die verskillende vakgroeperings in ag te neem en dan ‘n Mini-Dux leerder aan te wys in die verskillende vakgroeperings.

Gr 10:

Ekonomiese Arend	Lisa van Staden
Geesteswetenskaplike Arend	Chene Buys / Veronica Ngema
Wetenskaplike Arend	Xander Pretorius
Tegniese Arend	Ethan Jatho
Kunste Arend	Genevieve van Niekerk

Gr 11:

Ekonomiese Arend	Marko Boshoff
Geesteswetenskaplike Arend	Ethan Theron
Wetenskaplike Arend	Alicia Smalman
Tegniese Arend	Eathon Lindeque
Kunste Arend	Cara Oosthuizen

Dux Leerder per Graad:

Graad 8: Jean Smalman
Graad 9: Karla Penderis
Graad 10: Caitlyn Victor
Graad 11: Alicia Smalman

L.W. Leerders wat nie die toekenningsfunksies bygewoon het nie verbeur hul toekennings.

JUNIOR VLR-VERKIESING

Die junior VLR-verkiesing het verlede week plaasgevind. Baie dankie aan mee. Roné Potgieter en Mari Janse van Rensburg en elke voogonderwyser wat met die proses behulpsaam was.

Baie geluk aan die volgende leerders wat tot die junior-VLR verkies is.

GRAAD 8	SEUNS	DOGTERS
A	Emay Lingenfelder	Hope Schneider
B	Lwandle Dlamini	Juanita Botha
C	Ntsekelelo Ngcunkanga	Hailey Whilshire
D	Luan Bothma	Karabo Madune
E	JD du Preez	Jordan Doller
F	Pieter Kotze	Ashley Bruyns
G	Tyrone Branford	Janieke van Vuuren
H	Caiden Volschenk	Chenoa Naidoo

GRAAD 9	**SEUNS**	**DOGTERS**
A	Phillip van Niekerk	Demi Erasmus
B	Ethan Govender	Cuene du Preez
C	Xavier van Heerden	Danika Hugo
D	Owen Stark	Michanté van Tonder
E	Jude Koopman	Lashané Kruger
F	Ewan Erasmus	Leané Jacobs
G	Tiyreece Thomas	Zoe Malander
H	Schalk van Rooyen	Desiré Foster
GRAAD 10	**SEUNS**	**DOGTERS**
A	James van Dyk	Mia Els
B	Ofentse Mahume	Lizaan East
C	Motaung Tshiamo	Chavonne Koekemoer
D	Elijah Kiewiet	Robyn Pringle
E	Richard Briel	Robin Petersen
F	Hancu Small	Amija van der Merwe
G	Keion Venter	Ameli Schlebusch
H	Joshua van Wyk	Gaby-Anne Beaton
I	Xandre van Niekerk	Mieke Venter
GRAAD 11	**SEUNS**	**DOGTERS**
A	Leon Doubell	Jade Pretorius
B	Samuel Ruiters	Caitlyn Victor
C	Ethan Jatho	Linda Sintwa
D	Jayden Anderson	Genna-Lee Beneke
E	Gerry Kgomo	Lana de Beer
F	Blessed Mashabela	Liani Erasmus
G	Luke Beneke	Jemimah Johaar

Om ’n leier te wees, is ’n voorreg. Wees jou medeskoliere se stem waardig en werk te alle tye hard. Lei deur voorbeeld en wees die beste jy wat jy kan wees. Baie sterkte.

LAATKOMMERS

Verseker asseblief dat u kind betyds by die skool is (die hekke word om 7:25) toegemaak**. Indien u ’n probleem in die verkeer of andersins ondervind, skakel asseblief die skool. Dit is bloot net goeie praktyk.**
Leerders wat laat kom kan slegs by die hoofhek inkom en moet by die kantoor aanmeld om in te teken.
Leerders wat sonder rede laat kom of nie die skool in kennis stel nie, ontvang detensie.

VALENTYNSDAG EN -BAL

STUDIEKLASSE:

Daar is lokale waar leerders in die middae hul huiswerk of leerwerk kan doen indien hulle om een of ander rede by die skool moet wag. Die klasse is beskikbaar van 14:00 tot 16:00.

Maandae: Me Blanche Nortjé G19
Dinsdae: Me Tina Langley O12
Woensdae: Me Alisha Roux O10
Donderdae: Me Aneen du Plessis O28

LW: GEEN leerders mag in die middae voor die skool by die palmbome, op die blokke, op die stoepe of in die geboue rondluier nie. Dit skep dissiplinêre probleme en ’n negatiewe beeld van ons skool. Leerders is of in die wagklas, besig met ekstra klas of op die sportveld.

FINANSIES

GEDEELTELIKE SKOOLGELDVERLIGTINGSPROSES

Ouers wat dink dat hul moontlik vir gedeeltelike skoolgeldverligting kwalifiseer, moet ’n datum vir ’n afspraak in die finansiële kantoor bevestig. Neem kennis dat beide die biologiese ouers hierdie afspraak moet nakom.

Volledige aansoek met getekende ooreenkoms en alle stawende dokumente met bewyse moet asseblief persoonlik by die finansiële kantoor voor of op 17 Februarie 2025 ingehandig word. Alle aansoeke en aanbiedinge word deeglik deur die Skoolbeheerliggaam verwerk waarna dit aan u gekommunikeer sal word.

KULTUUR

KOOR (CON SPIRITO)

Kooroefening vind elke Woensdag vanaf 16:20 – 19:00 plaas.

REDENAARSUITSLAE

Junior sprekers (gr 8 & 9)	Senior sprekers (gr 10 – 12)	Senior Eerste Addisionele Taal
1ste Chanique van Schoor 2de Michanté van Tonder 3de Carmi Riep	1ste Lente de Villiers 2de Liani Erasmus 3de Zoey-Jane Combrink	1ste Jasmine Doller 2de Lethabo Monyeki

SPORT:

ATLETIEK

Baie geluk aan elke atleet wat by elke byeenkoms pragtig presteer en ons skool se naam hoog hou. Baie sterkte met die byeenkomste wat voorlê.

14 Februarie	Prestige (UJ)	13:30 – 21:30
21 Februarie	Roodepoort (Roodepoort) Linden Prestige (UJ)	08:00 – 13:00 14:00 – 22:00
28 Februarie	D12 (Florida)	09:00 – 14:00

ATLETIEKUITSLAE VAN 31 JANUARIE 2025 TE DP DE VILLIERS STADION - SASOLBURG

Atlete het die skool trots gemaak.

1ste Plekke

Kyndra Thomas	Do/19 400m Hekkies	1m30,73s
Anja Kruger	Do/19 Hoogspring	1,45m
Evan Jenner	So/14 Spiesgooi	42,09m

2de Plekke

Omo Mosipiane	So/15 100m Hekkies	15,98s
Anja Kruger	Do/19 Driesprong	8,93m
Kylie van der Merwe	Do/10 Gewigstoot	10,15m
Taelyn-Leigh Snyman	Do/14 Diskus	24,99m
Zane Kruger	So/16 Diskus	31,15m

3de Plekke

Delarey de Klerk	So/19 400m Hekkies	1m04,51s
Shenique Booysen	Do/19 Hoogspring	1,35m
Dean Deysel	So/14 Verspring	5,00m
Taelyn-Leigh Snyman	Do/14 Gewigstoot	10,89m
Shakayla Roux	Do/17 Gewigstoot	10,64m
Kylie van der Merwe	Do/10 Diskus	31,87m
Anja Kruger	Do/19 Spiesgooi	28,98m

NOORDHEUWEL TOP 15 – ATLETE WAT DEELGENEEM HET

Jordan	Dollar
Taelyn-Leigh	Snyman
Carmen	Koekemoer
Hailey-Jade	Van Niekerk
Omo	Mosipiane
Kiara	Paulsen
Zane	Kruger
Marais	Rautenbach
Shakayla	Roux
Ashton	Ford
Lebo	Mtenjana
Kylie	van der Merwe
Mitch	Pieterse
Anja	Kruger
Benre	Hoffman

Baie geluk aan Anja Kruger wat ‘n eerste plek in hoogspring behaal het en Taelyn-Leigh Snyman wat in Gewigstoot pragtig presteer het.

TUISBYEENKOMS OP 7 FEBRUARIE 2025

Groot dank aan elke atleet, toeskouer, personeel en ouers wat hierdie tuisbyeenkoms spesiaal gemaak het. Die leerders se gees was aanvoelbaar en die atletiek aanskoulik**.**
Spesiale vermelding moet beslis gemaak word aan die personeel aflosspanne.
Julle was voorwaar inspirerend.

UITSLAE:

Jnr Victrix Ludorum	Taelyn-Lee Snyman
Snr Victrix Ludorum	Kylie van der Merwe
Snr Victor Ludorum	Ashton Ford

44 1ste plekke

SKAAK

Elke Maandagoggend skaakafrigting tydens Saalperiode in O34.
Elke Dinsdag-en Donderdagmiddag oefening in O34 vanaf 14:00 – 15:00

Drie spanne van 4 elk gaan op 21 en 22 Februarie 2025 aan die Grey Kollege-skaaktoernooi in Bloemfontein deelneem. Die spelers en me Louw vertrek Vrydag, 21 Februarie 2025 om 05:30 vanaf die skool en sal weer vroegaand Saterdag, 22 Februarie 2025 terug wees by die skool. Ons wil baie sterkte sê aan hierdie skaakspelers.

BERGFIETS

Ons skop die jaar af met ons eerste wedren op 8 Februarie 2025 te “Jackal Dash” Northern Farm. Lehané vd. Merwe (gr 12) en Waldo Coetzee (gr 10) behaal elkeen ’n 11de plek algeheel in die 20km wedren. Matthew Bowers (gr 11) behaal 15de plek en Daniel Bowers (gr 12) behaal ’n 16de plek algeheel in die 40km wedren.

Welgedaan aan almal wat deelgeneem het.

Ons herinner julle net weer aan die oefening vir nuwe leerders wat plaasvind op Dinsdae en Donderdae om 15:00, tot die laaste persoon klaar is.

PRESTASIES

- Baie geluk aan Taytum Nelson (gr 12) wat gekies is om vanaf 3 – 7 Maart 2025 aan die internasionale model van die jaar kompetisie deel te neem! Sterkte met jou voorbereiding.
- Baie geluk aan Gideon de Beer (gr 10) wat verlede jaar gekies is deur die Noord-Gauteng stoei as ’n skeidsregter! Hy het verlede jaar by verskeie toernooie geskeidsreg! Geluk, Gideon!

FLORRIES VERJAAR:

- Verjaarsdagvieringe gedurende 2025:
  - 14 Februarie – Prestige atletiek
  - 15 April – Paasdiens
  - 3 Mei – Oud-Florrie Sport
  - 13 tot 15 Mei – Koorfees
  - 4 tot 8 Augustus – Revue
  - 28 Julie tot 1 Augustus – JOK-Fees
  - 23 September – Gr. 6-spogaand
  - 27 September – Verjaarsdagviering/Groot feesdag
  - 25 Oktober – Gala-aand
  - Elke kwartaal – Dankseggingsdienste

FEESJAARAANDENKINGS

ALGEMEEN:

GELOOF, HOOP EN FLOREER

Florries se geloofsvriende kom elke Woensdag tydens eerste pouse by die palmbome bymekaar. Die leerders geniet dit en ervaar die Here se liefde. Ons is ook op Instagram en Facebook beskikbaar as Geloof_Hoop_ Floreer!

Elke Woensdag eerste pouse! JY WIL DIT NIE MISLOOP NIE! SIEN JOU DAAR!

BLOEDSKENK

Die Nasionale Bloeddiens het ons op 28 Januarie 2025 besoek en daar is 29 pinte bloed geskenk. Baie dankie aan elke leerder wat ’n verskil gemaak het!

KLAGTE-EN-GEDAGTEBOKS

Leerders word aangemoedig om asseblief van hierdie fasiliteit gebruik te maak. Die bestuur wil graag elke leerder se positiewe of negatiewe inset hê en aandag daaraan skenk. Die hoof lees elke brief en gee persoonlik daaraan aandag.

SKOOLBEHEERLIGGAAM-TUSSENVERKIESING

Die skoolbeheerliggaam se tussenverkiesing sal op 18 Februarie 2025 plaasvind. Die jaarlikse sportvergadering met ouers sal ook tydens hierdie aand plaasvind. Vir meer inligting kontak mnr Johan Botha by die skool.

BERADINGSKANTOOR

Leerders kan van die beraders by die skool gebruik maak deur ’n afspraak by mnr Jaco Oosthuizen te maak. Die beradingspan bestaan uit mnr Jaco Oosthuizen, mee Hermien Steyn en Christelle Vorster.

LEENBOETIEK

Hoërskool Florida het ons eie leenboetiek. Daar is rokke en manspakke wat ons uitleen vir geleenthede soos die Valentynsbal, Mnr en Mej Florida, Florries Got Talent en die matriekafskeid.

Deur skenkings van aandrokke, manspakke en hemde, handsakke, skoene, dasse en nog meer kan ons leerders help wat dit nie self kan bekostig nie.

Kontak asseblief vir me Ethne Oelofse by die skool by 011 672 5345 / ethne@florries.co.za

VERKEER VOOR EN NÁ SKOOL

Ons versoek ouers om u kind op ’n veilige plek by die M-hek op en af te laai. Let asseblief daarop dat Havingastraat soggens ’n eenrigtingstraat van noord na suid is (van Louis Botharylaan na Highway-straat). Daar sal daagliks ’n Help24-puntdiens wees en ons vra almal se samewerking. Neem asseblief ’n foto van voertuie wat die reëls oortree en stuur vir ons sodat ons die skuldiges persoonlik kan skakel. Ons leerders se veiligheid is vir ons baie belangrik.
Die hoofhek word slegs in die middae gebruik vir voetgangers en personeelvoertuie wat die terrein verlaat.

KLEREWINKELTYE

URE: 07:00 – 14:00 Dinsdae, Woensdae en Donderdae

BOODSKAP VAN DIE HOOFSEUN

Liewe Florries

Moenie vergeet dat die uitdagings wat julle teëkom, 'n kans is om te groei en sterker te word nie. Julle het die krag en vasberadenheid om enige hindernis te oorkom. Glo in jouself en moenie bang wees om hulp te vra nie. Saam kan ons n verskil maak!
Moenie dat slegte dinge jou oorweldig nie. Doen goeie dinge sodat jy die slegte dinge daardeur kan oorwin.

Groete
Christiaan Schlebusch

BAIE DANKIE

Hoërskool Florida spreek weereens sy dank uit teenoor elke ouer, leerder en oudleerder wat ons skool se naam daagliks uitdra.

SLOTGEDAGTE

"Be like an eagle: fearless in the face of adversity and soaring above the ordinary. Eagles are not afraid to spread their wings and take flight. To soar like an eagle, you must have the courage to fly against the wind." — Unknown

Florrie-groete

JJ KATZKE
HOOF

Florrie ADVERTENSIES

www.florries.co.za

SPLASH 'N DASH PET CARE

Home grooming and petsitting at your doorstep...

Looking for a stress-free groom in the comfort of your own home?
Try my home doggy grooming!

Want to travel with peace of mind?
Book for my petsitting services now!

West Rand
073 049 6532
marielle.booysen@gmail.com

Marielle Booysen
Qualified Groomer

082 820 5000
@amanda.hairsalon

Amanda's HAIR Salon

Our Services :
- Tints
- male/female cuts
- perms
- foil highlights

50% af vir alle Hoërskool Florida leerders

Slegs op afspraak!

Cherry NAILS

ASD
anton•scholtz•design
& construction

Our Service
- House plans - design,additions alterations
- Maintenance
- Renovations
- Building consulting

Anton 083 458 8089
asdesign@polka.co.za


Rock
ROYALTY
GREATEST ROCK ANTHEMS
from 70s 80s 90s & Beyond
SILVERSTAR
DATE: 27 Februarie 2025
TIME: 19:00
CONTACT: Michellé Fouché-Jacobs
082-746-3687 / michellef@florries.co.za
FUNDRAISER IN AID OF: Hokkie & Netbal
PRICE: R220 pp
THE BARNYARD THEATRE

20kg R569
40kg R1065
20kg R395
40kg R765
20kg R540
40kg R975
20kg R445
40kg R860
20kg R625
20kg R875
We Deliver
Visit me at
40 Graphite,
Wilro Park
072 268 3840
T&C's Apply. Prices subject to change.
PEANUT'S
PET FOOD


Hier is die oplossing vir al jou wiskunde en wiskunde geletterdheid stress!!
Leer jou om wiskunde te verstaan en toe te pas.
Help jou om wiskunde pret te maak met praktiese toepassings.
Graad 7 - 12 wiskunde en wiskunde geletterdheid.
Sal jou help om die probleem in stukkies op te breek en op te los.
Privaat een-tot-een lesse.
Ekstra hulp met eksamen en toets voorbereiding.
Toegang tot persoonlike hersienings materiale, opsommings, simulasies en interaktiewe materiale.
1 uur les - R200.00
Alle lesse word gedoen op die aanlyn platforms zoom of Teams.
Lesse word gedoen in Afrikaans en Engels.
Lesse kan gedoen word na sport en ekstra aktiwiteite.
Lesse in die gemak van jou eie huis.
Nie slegs vir leerders wat sukkel met wiskunde nie... maar ook vir daardie leerders wat meer wiskundige uitdagings soek.
So waarvoor wag jy, begin jou wiskunde avontuur sommer vandag! Vir enige navrae, kontak tutor Stephanie:
Epos: mmathematicstutor@gmail.com
WhatsApp: 063 187 6047

Wen jou Wetenskap en Wiskunde

Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:

- Vraestelle met Memo's @ R130
- Nifty Notas @ R130

Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240

Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:

- Nifty Notas @ R130
- Flashy Flitskaarte @ R70
- Vraestelle met memo's @ R130

Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300

Aflewerings kostes @ R120

Win your Science and Maths

Grade 10 to Grade 12 Maths:

* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!

Grade 11 to Grade 12 Science pack:

* Snazzy Summaries @ R130
* Flashy Flashcards @ R70
* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Courier Costs @ R120

All the Science goodies @ R300

https://wenwetenskap.co.za
Helena - 0845103373
hverwey@absamail.co.za

Webskakel: https://wenwetenskap.co.za/